# Hey!Brokkies Nuus
# 24 Junie 2011

## 1.Hope 4 Kids aanbiedings begin by Beaumont se gr4 Engelse klasse



Hope 4 Kids by Beaumont laerskool

Dis met groot opgewondenheid dat hierdie klasse op 'n Donderdag begin het. 5 Diensjaar jongmense en 2 mammas help as fasiliteerders hier! So baie dankie aan julle wie "hande en voete" is by hierdie klasse. Bid asb vir hulle wie weekliks op Donderdae meer as 100 kinders bedien.

## 2. Pêrelprojek kinders op Rustenhofplaas:

Hier leer ons Bybelverse en maak baie tyd vir lofprysing wat die kleuter tot gr7 kind saam kan doen en geniet. Dis my ervaring dat baie moeë ogies na die lofprysing skitter! Om hulle die "Onse Vader" te hoor bid is 'n wonderlike belewenis..mag ons Vader hul gebede hoor en beantwoord.



**Pêrelprojek se kinders**



**3. Kinder Pinkster NG Agter Paarl** Die program "Werk Wêreldwyd Toere" was 'n groot sukses en almal het baie geleer. Hier geniet die kinders die werk uit hul boekies. Mag hierdie kinders uitgaan en 'n verskil maak vir God!

**4. Skole bediening** Dis met groot dankbaarheid dat ek kan getuig dat gr R tot gr 9 leerders almal geestelik groei en hul entoesiasme is aansteeklik!Aan al ons getroue, vrywillige fasiliteerders baie dankie. Hierdie teks dien as bemoediging en motivering: **Fillipense 2:13 "want dit is God wat julle gewillig en bekwaam maak om Sy wil uit te voer"**As jy gewillig is sal God jou toerus, dis 'n belofte!



Summies sluit af met vrolike lofsang vir Jesus!

**5.Bid vir Belinda wie 27 Jun - 1 Jul in Worcester is vir H4K Bybelskool soggens, uitreik smiddae en saans opleiding!**

**Dankie vir jou gebede, liefde en omgee! Celeste Steinmann**